DRIE BERGE KARAVAANPARK

Pryslys Augustus 2019

TEL: 083 608 3409. Epos: drieberge@lantic.net. www.driebergekaravaanpark.co.za

KANTOOR URE: Open: 8:00. Sluitings tye: Ma – Do: 13:00. Vr: 20:00. Sa: 18:00. So: 15:00. Vakansie dae: 18:00

GPS: Sleutel straatkruising in: Hendrik Verwoerd en Van Deventer str., Brits (Madibeng). Volg Van Deventer straat in Noordelike rigting vir 7Km, ons naambord is op linkerkant.
GPS Punte (Grondpad afdraai op teerpad): -25,56993° Suid, 27,77187° Oos.
Kom ontspan in die Bosveld tussen die berge, luister na die roep van voëls en Visarend, die gekabbel van die Krokodilrivier of geniet die stille Bosveld. Ons het drie swembaddens (1 verhit onderdak, 1 verhit buite, 1 koud buite). Aktiwiteite in die park soos voëlkyk en visvang dra by tot 'n ongelooflike Bosveld en rivier ervaring. Ons het tennis- en vlugbal bane, tafeltennis, potspel, veerpyltjies, wipmat, swaaie, Rugby paal, roei op dam, rivier visvang, wandel roetes asook op berg, bergkruin 4x4 pad, bergfiets roete, veilige fietsry vir kinders en fietsry baan. Addisioneel tot die lapa op dam, is daar grootskerm televisie, wassery geriewe asook winkel met kaart fasiliteit. Die staanplekke is meestal ruim met skadu, sommige met gras en sommige langs die oewer. Alle staanplekke het 'n los braaier, standaard kragsok en waterkraan. Die park het netjiese gesamentlike ablusies met familie badkamers bestaande uit bad, wasbak en toilet. Die kampterrein is elektries omhein, reaksiemag op bystand. Ons nie 'n rolstoel-vriendelike park nie.

PRYSE: (Prys tot 4 persone, 1 woonwa/tente en 1 voertuig per staanplek. Maksimum 8 persone per staanplek met ekstra kostes). Babas/kinders word gereken as persone. Naweke/langnaweke: Slegs hele tydperke. Die park sluit deels in winter seisoen, tye op aanvraag beskikbaar.

HULP VIR OP- EN AFSLAAN VAN U KAMPTOERUSTING WORD NIE AS 'N DIENS GELEWER NIE, TENSY PERSONEEL BESKIKBAAR IS.

Gewone naweke: R460/nag. Pensioenaris afslag: R50/nag
Geen lankstaan besprekings nie. Geen volle midweek besprekings nie, slegs Donderdag en Sondag nagte teen naweek tarief.
Vakansies en langnaweke (Geen pensioenaris afslag): R580/nag.

Ekstra persone: R50 per nag (Na eerste 4 persone). Ekstra voertuig: R50 per nag (Na eerste voertuig)
2de woonwa op staanplek betaal dieselfde as vir 'n aparte staanplek.

Aankoms tyd: Vanaf 14H00 indien beset. Vertrek tyd: 16H00, 13H00 tydens vakansies.

Dagbesoekers oor naweke/vakansies: (8H00 – 18H00). Slegs lede van Dagbesoekersklub toegelaat
Pryse: Kinders 0 - 2 jaar: Gratis, 2 – 10 jaar: R50 per kind. Volwassenes: R100/persoon. (Prys kan verander)

Besoek aan kampeerders in kampterrein**: Pryse: R50 per persoon, 2 jaar en ouer). Addisionele R50/voertuig.**

Betalings besonderhede:

50% Deposito betaalbaar slegs binne 3 dae vanaf bespreking, andersins kan U bespreking verval sonder waarskuwing. Balans betaalbaar by aankoms. Kaart fasiliteit beskikbaar.
Bank: FNB (Brits, tak: Murray straat) Betaling by 'n bank, ons takkode is: 260146
Naam van rekening: Drie Berge Karavaanpark. Rek no.: 6209 7688 132 Tipe rekening: Tjek
Verwysing vir bank betaling: U 10-syfer bespreking nommer
Epos bewys van betaling met bogenoemde verwysing aan: **drieberge@lantic.net** binne **3 dae** vanaf bespreking datum.
Dit is in u belang om seker te wees u betaling is ontvang. Bevestiging word ook per epos aan u gestuur.

Ons kansellasie-beleid: Binne 7 dae voor kampdatum verbeur u die verlangde deposito.
Ander gevalle: Gelde terugbetaalbaar minus 10% hanteerfooi.

MET BESPREKING AANVAAR EN BETAAL, AANVAAR U OOK ONS REELS EN REGULASIES:
Geen rokery van "Hubbly Bubbly" toegelaat in openbare areas nie.
Geen hounette vir vis, swem, kanoes of vlotte in rivier toegelaat weens gevaar van krokodille.
GEEN FIETSRY EN LOPERY TOEGELAAT DWARSDEUR ANDER KAMPEERDERS SE STAANPLEK NIE: BETOON RESPEK!!
GEEN honde, katte, motorfietse, musiek, geskreeu, enige geraas en onsosiale gedrag ter enige tyd.
Spoed beperking streng 20Km/h. Voertuig moet padwaardig wees.
Geldige rybewys noodsaaklik. Bestuur onder enige invloed verbied.
Oortreding aan enige van bogenoemde gevalle stel U bloot aan uitsetting.